**JAARVERSLAG VAN VVLU-PRESIDENT VIR DIE TERMYN 1 JANUARIE 2023 TOT 31 DESEMBER 2023**

**VVLU SE TEMA VIR 2023: JY IS GENOEG!**
**Daar is niemand soos jy in die wêreld, God het daarvoor gesorg. Jy het presies die hoeveelheid potensiaal, intelegensie en vermoëns wat Hy vir jou beplan het om te hê. Weet dus, jy is enig in jou soort, jy is uniek en jy is genoeg!**

**LIEF EN LEED**
**Met opregte meegevoel dink ons aan al ons lede wat dierbares verloor het en hartseer ervaar het die afgelope jaar. Ons deel julle hartseer en dink in liefde aan julle.**

**UITVOERENDE BESTUUR**
**VVLU is in die hande van agt bekwame en lojale Uitvoerende Bestuurslede. Baie dankie vir julle bereidwilligheid en leiding wat julle in die areas en takke neem. Me. Marieta de Klerk is VVLU se sekretaresse, sy is lojaal, pligsgetrou en hardwerkend. Dankie daarvoor.**

**PANEELBEOORDELAARS**
**Me. Alti Janse van Vuuren**
**Me. Sonia van Zyl**
**Me. Das Wessels**
**Me. Louisa Opperman**
**Me. Ina Jagga**
**Me. Frances van Schalkwyk**
**VVLU sê dankie aan elke lid van ons Beoordelaarspaneel. Dankie vir julle kennis en insig wat julle met ons deel, asook die liefde waarmee julle die artikels beoordeel.**

**AREAS AND MEMBERS**

| | |
|---|---|
| Number of Areas in 2023 | 8 |
| Number of Branches | 44 |
| Number of Members to December 2023 | 693 |
| Number of Areas merged | 0 |
| Number of Branches closed | 0 |

**MEETINGS AND FUNCTIONS**

| | |
|---|---|
| Branch meetings | 328 |
| Area meetings | 24 |
| Day Managment meetings | 2 |
| Executive Committee meetings | 5 |
| Panel of Judges meetings | 3 |
| Area Conferences | 8 |
| Seminars | 3 |
| FSWAU Congress | 1 |
| SAWAU Congress | 0 |

**The Executive Committee did a total of 34 branch visits in the performance of their duties.**

**SEMINARS**
**Three seminars were presented in Bethlehem, Bloemfontein and Welkom by mrs. Alti Janse van Vuuren and Sonia van Zyl. Our sincere thanks to mrs. Janse van Vuuren and van Zyl for their hard work and for the Executive Members for organising these seminars. A total of 166 members and guests attended the three seminars.**

**HOE VOEL AREAS OOR KOMPETISIES**

| | |
|---|---|
| **Area 1:** | **Takke neem meestal aan Kongres kompetisies deel, maar borduurwerk en borduurmasjienwerk raak 'n probleem.** |
| **Area 2:** | **Die lede neem entoesiasties deel, maar hulle sê wel dat die 2023 kompetisies nie lekker was nie.** |
| **Area 3:** | **Deelname in 2023 was goed, lede het daarvan gehou om artikels te maak.** |
| **Area 4:** | **Dit blyk dat, veral bejaarde lede, nie aktief aan kompetisies wil deelneem. Diegene wat wel deelgeneem het, het baie goed gevaar tydens Konferensie en Kongres.** |
| **Area 6:** | **Nie so positief vir 2023, maar lede is opgewonde vir 2024 se kompetisies.** |
| **Area 8:** | **Daar word aan al die afdelings deur al die takke deelgeneem. Standaard baie goed.** |
| **Area 10:** | **Inskrywings in alle afdelings is ingeskryf. Deelname aan prosa, skilderkuns, fotografie en preservering is baie goed.** |
| **Area 11:** | **Deelname in Area 11 is baie goed.** |

**Dit is opvallend dat die jonger lede sowel as nuwe lede nie soseer in kompetisies belangstel nie. Daar is wel 'n toenemende behoefte om nuwe dinge te leer. Werkswinkels en demonstrasies word baie ondersteun en lede geniet dit. Deur gebruik te maak van kundigheid uit eie geledere bespaar koste, maar ons deel ook ons kennis en ervaring met ander.**

**KOMPETISIES**
**Knapgedaan aan elke lid wat op Tak-, Konferensie- en Kongresvlak deelgeneem, meegeding en uitgeblink het. Julle pragtige artikels en blommerangskikkings is bewyse van harde werk en toewyding. Dankie aan elke lid wat aan kompetisies deelgeneem het, julle het nuwe kennis opgedoen, nuwe vaardighede aangeleer en jou talente gebruik. Wees daarom trots op jouself!**
**Geluk aan Carin Reid, Luckhoff, Area 10 vir die dame met die meeste punte op Kongres.**
**Hartlik geluk aan Area 1 se lede wat die trofee gewen het vir die meeste punte behaal tydens Kongres 2023. Welgedaan!**
**Die volledige uitslae van Kongres 2023 en Area Konferensies 2024 het in ons Somer 2023 en Winter 2024 uitgawes van Vrou24/7Woman verskyn.**

**CONFERENCES**
**8 Areas held Area Conferences and on those occasions various aspects of our theme were excellently presented by speakers. Congratulations to each area!**
**A total of 590 members and guests attended the 8 Conferences.**

**KONGRES 2023**
**VVLU se 93ste Jaarkongres is aangebied te Sandstone Sleeper Estate, Bloemfontein. Daar was ongeveer 230 kongresgangers teenwoordig. Ons spreker vir die eerste dag was dr. Gustav Gous en dag twee, mnr Johannes de Villiers. Die persoonlikheid van die jaar was mnr. Derrick Gardner.**
**Me. Gerda Pienaar se termyn as President VVLU het tydens Kongres verstyk. Haar nalatenskap sal altyd deel van VVLU se geskiedenis wees. Me. Elsabè Kotzè word as nuwe President van VVLU verwelkom.**

**PROJEK 2023**
**VVLU Projek vir 2023: Bidbeertjies. Baie dankie aan elke lid, tak en area wat bidbeertjies gebrei/gehekel het. Hierdie projek het alle verwagtinge oortref.**

**FINANSIES**
**VVLU se finansies is gesond. Opregte dank en waardering vir elke VVLU-lid se ledegeld, asook ander fondse wat aan die kantoor oorbetaal word. Dankie ook aan mnr. Tertius Lötter van SLT Ouditeure, vir die oudit wat uitgevoer is vir die finansiële jaar.**

**BORGE**
**VVLU se opregte dank en waardering aan ons borge vir hulle betrokkenheid en ondersteuning, ons waardeer dit opreg.**

**VVLU VERBRUIKERSPRYS 2023**
**Die Verbruikerswetenskapsprys, wat VVLU jaarliks aan die beste student in Verbruikerswetenskap by Kovsies skenk, is deur me. Minette Steyn oorhandig aan me. Michelle Reynolds.**

**VVLU STUDIEBEURS**
**Geen aansoeke vir VVLU se studiebeurs is in 2023 ontvang nie.**

**FONDSINSAMELINGSPROJEKTE**
**Areas en takke is baie afhanklik van fondsinsamelings om hul finansies mee aan te vul. VVLU-lede skrik nie vir harde werk nie en doen spyseniering, bak pannekoeke, vetkoeke, koeksisters en nog vele meer om fondse in te samel.**

**WERKSWINKELS, DEMONSTRASIES EN KURSUSSE IN AREAS EN TAKKE**
**Interessante werkswinkels, demonstrasies en kursusse is aangebied in 2023.**

**VERSLAE**
**Baie dankie aan elke lid van die Uitvoerende Bestuur, asook takbesture vir volledige verslae. Dankie dat julle dit met soveel sorg en toewyding opgestel en ingehandig het.**

**GESKIEDENIS VAN VVLU**
**VVLU se geskiedenis word jaarliks aangeteken en bewaar vir die toekoms.**

**VROU24/7WOMAN**
**Mee. Hannalie Theron en Nikki Swanepoel, baie dankie vir elke uitgawe van ons tydskrif wat julle so noukeurig en op 'n hoë standaard saamstel. VVLU is ongelooflik trots op ons eie tydskrif.**

**WEBBLAD**
**Me. Elsa Brits is verantwoordelik vir VVLU se webblad. Sy sit ure se harde werk en beplanning in om VVLU se inligting op die webblad te plaas. Baie dankie vir jou entoesiasme waarmee jy hierdie taak uitvoer.**

**SAWAU**
**Meetings were attended on 17 – 20 October 2023 in Pretoria.**

**So het my eerste VLU-jaar aan sy einde gekom. Dit was 'n ongelooflike lekker en besige jaar, 'n jaar vol vernuwings, veranderinge en uitdagings, maar ek het elke oomblik geniet! Dankie aan elke VVLU-lid vir julle omgee, liefde, lojaliteit en vriendskap. Julle verryk my lewe!**
**Aan die Uitvoerende Bestuur, wat 'n wonderlike voorreg om met elkeen van julle 'n pad te kan stap. Baie dankie vir julle liefde, ywer en entoesiasme waarmee julle VVLU dien. Ek is bevoorreg om elkeen van julle op my bestuurspan te kan hê.**
**Aan die einde van my eerste VLU-jaar, my dank aan ons Hemelse Vader dat Hy my geseën het met wysheid, insig en goeie gesondheid, om my beste te kon gee dié jaar.**

*Elsabè Kotzè*

**WERKSAAMHEDE VANUIT DIE PRESIDENT SE KANTOOR VANAF SEPTEMBER 2023 TOT AUGUSTUS 2024**
**Hiermee gee ek kortliks verslag van my werksaamhede:**

- → **SAVLU-vergadering, 17 – 20 Oktober 2023 in Pretoria.**
- → **Afsluitingsfunksies word in November bygewoon.**
- → **In November kuier ek heerlik saam met Welkom-tak tydens hul 75ste bestaansjaarviering.**
- → **In Desember 2023 en Januarie 2024 begin ons Uitvoerende Bestuurs- en Beoordelaarspaneelvergaderings.**
- → **Februarie 2024, word ek al 8 Areakonferensies by.**
- → **In Maart tree ek op as spreker by VLV Kaapland, Sirkel Noord-Karoo Konferensie, te DeAar.**
- → **In April kuier ek heerlik saam met Petrusburg wat hul 90ste bestaansjaar vier.**
- → **Ek oorhandig die Verbruikerswetenskapsprys, 16 April 2024, te Bloemfontein.**
- → **My eerste Wegbreek-werk-week as President, saam met die Uitvoerende Bestuur is gehou te Amanzi Privaat Resevaat buite Brandfort. Dit was 'n voorreg om saam met vriendinne te werk en te beplan, maar ook om mekaar beter te leer ken.**
- → **Sandstone Sleeper Estate word besoek om reëlings te tref vir Kongres 2024.**
- → **Tierpoort-tak nooi my na 'n Damesoggend in Julie, waar Johannes de Villiers die spreker is, ons kuier heerlik saam.**
- → **Kongres 2024 beoordeling & Beoordelaarspaneelvergadering word in Julie 2024, te Welkom bygewoon.**
- → **24 Julie 2024, woon ek Area 11 Areavergadering by.**
- → **14 – 16 Augustus 2024, woon ek VLV Kaapland se Kongres in Kaapstad by.**